

Preek - 8ste Sondag na Trinitatis 22. Julie 2018
Johannesgemeinde - Drie dope en Nagmaal.

Die diens is anders - dit vat ons in stappe deur die verskillende lesings en doop tekste.

1. . Leef dan as mense van die lig. Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is. Efesiërs 5,8,9

Die agste Sondag na Trinitatis handel oor die lewe van Christene. Die doop tekste gaan ons help om daarvoor na te dink en te leer.

Die eerste vers maak duidelik wat die kern van ons Christen wees is.

Taufspruch Jens Peter Funke: Jesaja 41,10 Fürchte dich nicht, ich bin mit dir; weiche nicht, denn ich bin dein Gott. Ich stärke dich, ich helfe dir auch, ich halte dich durch die rechte Hand meiner Gerechtigkeit. / So do not fear, for I am with you; do not be dismayed, for I am your God. I will strengthen you and help you; I will uphold you with my righteous right hand./ Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my regter hand red Ek jou.

Ek moet nou verskoning vra by almal wat links handig is. In vandag se tekste is daar 'n paar keer van "regter hand" sprake, en telkens gaan dit oor die sterker hand, die hand wat al die belangrike werk verrig. So, dié wat linkshandig is, moet asseblief telkens dan hoor: linker hand, in plaas van regter hand.

In hierdie teks lees ons dat God sê: **met my regter hand red Ek jou.** Dit is 'n fantastiese stelling. Want dit beteken dat God, wanneer hy met ons besig is, dit nie "met links" - so terloops - doen nie, maar met sy regter hand.

Hy gebruik sy belangrikste hand, omdat ons vir hom belangrik is!

En wanneer hy ons wil verlos, stuur hy sy seun - wat vir hom die belangrikste is. Dink net: Jy is vir God só belangrik, dat hy sy volle aandag aan jou skenk.

Die regter hand, die hoof-hand is nie net die sterkste hand nie - maar ook dié hand waarmee hy versigtig en behoedsaam die fynste en teerste dinge kan optel sonder om dit te breek. Ek is in God se regter hand - veilig, omdat Hy sterk is, maar meer nog, veilig omdat hy my met deernis hanteer.

Ek weet nie of jy raakgesien het dat die teks dan telkens praat van "Ek" - "Ek" - "Ek" - en elke slag is dit God wat sê: Ek doen, ek is... God is aan die werk. Dit is die belangrikste vir ons as Christene om te weet en te onthou: Ons is, omdat God werk! Ons leef, omdat HY dit moontlik maak. Ek is verlos omdat HY my verlos het!

Dikwels dink ons dat Christenwees beteken: Ek (die mens) doen dit of dat. Wanneer ek katkisasante vra: Wie is 'n Christen? is die eerste antwoord gewoonlik: Iemand wat volgens die geboorte lewe.

Maar hierdie teks maak dit duidelik: Die begin punt van my Christenwees is by God, by dit wat HY doen!

Hoekom doop ons vandag? Omdat die ouers dit wil hê - is die ooglopende antwoord. Maar eintlik is dit omdat die Here roep, omdat Christus sê: Ek het vir hierdie kinders

gesterf! Ek is hulle verlosser! Ek roep hulle by name! Julle is myne!

Selfs wanneer geloof soms vir ons minder belangrik word, selfs wanneer ons dit opsy skuif, hoor ons vanoggend dat die Here altyd sy regter hand na ons uitsteek, dat hy sy volle aandag aan ons skenk.

Daarom kan ons die volgende lied met vreugde sing. Dit nooi die hele wêreld uit om God te loof en na hom toe te kom:

Lied 288, 1, 4-7: Nun jauchzt dem Herren alle Welt

2. In die eerste gedeelte het ons gehoor dat die kern van Christenwees dit is wat God vir ons doen, wat Hy deur Christus aan ons skenk.

Nou word ons egter ook daaraan herinner dat Christenwees beteken om dan ook as sy kinders te lewe. "Leef dan as kinders van die lig".

Ons luister na die volgende doop teks:

Der Taufspruch Amara Talia Olivier: Sprüche 2, 10,11 Denn Weisheit wird in dein Herz eingehen, und Erkenntnis wird deiner Seele lieblich sein, Besonnenheit wird dich bewahren und Einsicht dich behüten / For wisdom will enter your heart, and knowledge will be pleasant to your soul. Discretion will protect you, and understanding will guard you. / Want wysheid sal in jou hart inkom, en kennis sal vir jou aangenaam wees. Goeie oordeel sal oor jou waghou, verstandigheid sal jou bewaak.

Aan die een kant kan ons hierdie vers as 'n belofte lees: wysheid, kennis, goeie oordeel, verstandigheid sal deel van jou lewe wees. Dis 'n wonderlike belofte vir 'n klein kind!

Maar 'n mens kan dit ook as 'n stelling verstaan: wysheid, kennis ens is noodsaaklik vir 'n goeie lewe.

Dat dit 'n belofte is, kan ons aflei uit dit wat Jesus oor die Heilige Gees gesê het: Dit is die krag van God wat ons lei, dit is die raadgever wat ons bystaan en alles leer.

Maar vir ons as Christene is dit ook nodig om dit as stelling te lees: Hierdie dinge is nodig!

Dit bring ons dan by die Epistel lesing van vandag.

Dáár gaan dit daaroor dat ons as Christene geroep word om verstandig te wees, te oordeel en te vra wat die Here se wil is.

Efesiërs 5 Leef dan as mense van die lig. Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is.

Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is, en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak. Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen. Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val. En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied: "Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig."

"Word wakker" klink die oproep. "Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is"

Hierdie kinders groei op in 'n tyd van onbeperkte moontlikhede - dis wonderlik. Maar terselfdertyd is dit ook 'n tyd van ongekende uitdagings - ook slegte dinge is onbeperk.

Om te vra of iets vir die Here aanneemlik is, is 'n gesonde lewens uitkyk, soos 'n kompas wat die rigting aandui.

Ons as volwasse Christene word uitgedaag om 'n goeie voorbeeld vir die kinders te wees. Hulle moet by ons leer wat dit beteken om na dit te soek wat God verheerlik. Die volgende gesang is 'n gebed. Ek het iemand nodig om saam met my te stap en my die pad te wys.

Lied 209: Ich möcht, dass einer mit mir geht (alle 4 Verse)

3. Ons het tot dusvêr gehoor dat dit in die eerste plek daarvoor gaan dat God aan die werk is, dan dat ons moet soek na dit wat die Here behaag. Nou kom ons by deel drie. Ons luister na vandag se evangelie lesing:

Matteus 5 Jesus sê: "Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.

"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Soos die Epistel nou net kan 'n mens hierdie teks ook op twee maniere lees. Die een is 'n wonderlike belofte, selfs 'n lof: Julle is die sout van die aarde, die lig van die wêreld.

Maar 'n mens kan dit ook as 'n waarskuwing lees: Die sout kan sy krag verloor, die lig kan onder 'n emmer geplaas word en dood gaan.

Dis daardie aspek wat my bekommerd laat vra: Gaan ek aan die Here getrou bly? Die ouers mag hulleself afvra: Gaan ons daarin slaag om ons kinders as Christene groot te maak? Of gaan ek, gaan hulle soutlose sout of lig onder emmers wees?

Kom ons luister nou na die derde doopteks:

Adrian Konrad Hinze: Denn ich bin der Herr, dein Gott, der deine rechte Hand fasst und zu dir spricht: Fürchte dich nicht, ich helfe dir. Jesaja 41, 13 / For I am the Lord your God who takes hold of your right hand and says to you, Do not fear; I will help you. / Ek is die Here jou God, Ek vat jou regter hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou

Hier lees ons nou weer van 'n regter hand - maar nou nie dié van die Here nie, maar my eie regter hand.

Wat beteken dit as iemand my regter hand vat? Dit gebeur byvoorbeeld wanneer ek berg klim en by 'n moeilike plek kom. Die leier sal dan sy regter hand uitsteek en my regter hand gryp om my op te trek. Net so mag ons weet dat God altyd weer gereed is om sy regterhand uit te steek om ons uit en op te help.

Ek bid dat ons vir ons kinders in die opsig 'n goeie voorbeeld sal wees: Dit is nie 'n skande om afhanklik van die Here se hulp te wees nie - dis 'n voorreg! Mag ons kinders sien dat ons self, wat in hulle oë dikwels die sterkste mense denkbaar is, op die Here vertrou wat sterker is! Dit sal hulle help om ook hulp van die Here te verwag.

Maar daar is nog 'n ander manier waar iemand my regterhand neem. As iemand langs my stap. Wanneer God langs ons stap, vat hy ons regterhand. Wat beteken dit? Ek het mos my sterk hand nodig? Is dit nie beter as hy my swak hand vat en my só ondersteun nie?

In hierdie klein woorde steek daar 'n groot belofte. As God langs my stap en my regter hand neem, word Hy self my regter hand. My sterk hand is nou nie meer beperk deur my krag en my vaardighede nie, maar Sy sterk hand is nou ook my sterk hand! Dis hoekom die teks sê: Moenie bang wees nie - Ek help jou! Dis hoekom die Here, wat self die sout van die aarde en lig van die wêreld is, dan vir ons sê: Wanneer ek langs julle stap en julle regter hand neem, dan is julle sout en lig!

Liewe ouers en peetouers, julle mag weet dat die Here ook langs hulle stap en jul' regter hand word by die opvoeding en begeleiding van die kinders.

Altyd weer neem die here ons regter hand en verander ons, sodat ons 'n seën vir ander word.

Ek het gister in die "Losungen" die mooi sin gelees: "Die Here wil sien hoedat ons regop en vrolik lewe, omdat ons kinders van God is" (Hanns Dieter Hüschen)

Dis eintlik 'n goeie samevatting daarvan wat 'n Christen is: Oprek, vrolik, want ons is Kinders van die Here!

Die volgende lied bring dit tot uitdrukking. Ek is gedoop op die naam van Jesus Christus, ek is in sy dood en opstanding gedoop en lewe saam met hom!

Lied 200 1+2: Ich bin getauft

Doop

Na die doop:

200 3+4: Doch hab ich dir auch Furcht und Liebe

Seën van die gesinne

4. Uitnodiging om die nagmaal te ontvang:

Liewe Gemeente, ons is nou uitgenooi om ons hand uit te steek na die Here toe. Meer nog - die Nagmaal is 'n manier van die Here om Sy hand na ons toe uit te steek, sy regter hand. Hy wil ons heel maak, help, regop laat staan.

Die volgende verse van die Lied is 'n manier om opnuut myself aan die Here oor te gee, om opnuut te belowe om saam met hom te lewe. En by die Nagmaal smaak en sien ons dat Hy saam met ons gaan.

Lied 200: 5+6 Ich gebe dir, mein Gott, aufs Neue (ersetzt "Schaffe in mir Gott")

Die eerste lied tydens die Nagmaal is dan weer 'n duidelike uitnodiging: Kom, jy is uitgenooi! Jesus self roep jou. Ja, alles wat ek gesê het, al die beloftes, geld ook vir jou!

(Lied 213: Kommt her, ihr seid geladen)

Amen

Horst Müller, Bischof, ELKSA(N-T) Email: hmuller@elcsant.org.za